

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



1 Johannes 4 vers 18

Waar liefde is, is geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees,
want vrees verwag straf en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie

Kortpad Biddag vir Jeug en Kategese Deurdankoffer vir MTR Smit Kinderoord

09 Junie	08h30	Eietydse diens in die saal
09 Junie	09h45	Kategese
09 Junie	10h00	Klassieke diens in die kerkgebou
09 Junie	18h30	Gesamentlike pinksterafsluiting met Natasha Joubert by Lorraine gemeente
16 Junie	09h00	Erediens in die saal

Nog belangrike datums

Kommunikamma 9 Junie 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Kraggakamma Webbediening is vanjaar 11 jaar oud

Kom raak betrokke by die Webbediening - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:

- *Terugvoering van jou diensterrein/kleingroep
- *Geestelike 'padkos'
- *Taalversorging
- *Fotogalery
- *Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriefe
- *Samestelling van kuberKamma
- *Beplanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester

Let wel: Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.

ePos kuberKamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

Sake vir gebed

Ons dank die Heer dat daar nou daadwerklik teen korrupsie opgetree word, dat Laura Krause se dogter kankervry verklaar is en vir 'n wonderlike geGEEsterde Pinksterreeks. Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

MES se Winterhoop projek Junie 2019

Verskeie items word benodig en kan by die kerkkantoor ingehandig word.

Nehemia Gebedsroete vorder fluks

Kerkgroepe in die Nelson Mandelabaai Metropool werk saam om 'n Nehemia-gebedsroete regdeur die metropool te skep. Die roete help jou om die volledige gesig van die metropool te sien, en vanuit eerstepandse ervaring te bid en menings te vorm. Tans word na kerke van alle denominasies gesoek wat

bereid is om formeel deel uit te maak van die roete. Kerkgeboue moet verkieslik toiletgeriewe beskikbaar hê. Wie stel belang? [Grens.Pos Jaargang 17 – Nummer 17 – 6 Junie 2019]

Aksie België in SA

Ferdi en Ronel is terug na 'n baie geseënde besoek aan België wat 'n besoek aan die gevangenis in Ieper en die belewenis van die 100-jarige fees van die BEZ ingesluit het. Die BEZ se nuwe naam is "VIANOVA" [Die nuwe weg]. Op 'n moderne manier word daar nou gepoog om die Evangelie aan die mense in elke gemeenskap te bring. *Die Here is aan die werk, liewe vriende. Kom ons verbly ons hierin en laat ons nie ophou om in gebed saam te staan vir Sy eer nie.* [Gebedsversoeke vir Junie 2019](#)

There4-Bedieninge reis na Egipte

6 Dames van ons gemeente gaan deel wees van [die reis na Egipte](#) gedurende September. Verskeie items soos byvoorbeeld 220 pare bedsokkies word benodig. Kontak Melissa by 041 360 1946 vir meer inligting.

Padlansg Om goed te reis, moet ons lig reis

Op die lewensreis is daar bagasie wat neig om op te hoop en ons uiteindelik tot stilstand te bring. Sonde en die nagevolge daarvan kom verstrik ons op ons lewenspad. Ware berou en skuldbelydenis kom maak ons vry. Ons kan ons onnodige bagasie enige tyd by die Here kom los. Dan word die reis soveel lekkerder in die vryheid wat God gee! [Om goed te reis, moet ons lig reis](#)

Padkos Hoe hanteer jy die hartseer, woedende wêreld?

Statistieke bevestig die stelling dat die wêreld die woedendste is wat dit nog ooit was. Volgens Statistiek SA het een uit elke vrou bo 18 al deurgeloop onder fisieke geweld. In 2017 het 42,173 Amerikaners gesterf aan selfdood. In SA word gesinne soms uitgewis deur plaasmoorde. Padwoede is aan die orde van die dag. As 'n mens egter leef met die wete dat God jou staande hou en dat Hy elke oomblik van die dag by jou is, kan jy hierdie wêreld aandurf deur in verbondenheid met Hom te leef:

- *In 'n woedende wêreld lewe jy God se vergifnis uit. Jy is 'n kanaal wat vergifnis uitdeel, ook aan mense wat jou leed aangedoen het.
- *In 'n wêreld wat smag na liefde, deel jy liefde uit. Jy wys Jesusliefde vir elkeen wat jou pad kruis, ook vir onvriendelike mense wat, menslik gesproke, nie liefde verdien nie.
- *Jou lewe sal wys dat jy alles aan Jesus oorgegee het, selfs jou tyd en jou geld. Aardse goed maak nie meer vir jou saak nie.

Romeine 8 vers 1: "Vir hulle wat aan Christus Jesus verbind is, is die oordeel nou heeltemal weggeneem."

In 'n hartseer, woedende wêreld, kan jy as Christen weet dat jou sonde weggeneem is deur Jesus se kruisdood en dat jy eendag saam met Hom in die hemel sal wees. Terwyl jy hierdie aarde, wat soms chaoties voel, bewandel, kan jy weet dat die Heilige Gees, jou Helper, by jou is.

[Verkort en aangehaal uit: Goeie Nuus deur Helena Smith www.ekerk.org]

Belegger of verbruiker, maak jou keuse!

Daar's twee soorte mense: verbruikers en beleggers. Verbruikers is diegene wat alles en almal rondom hulle gulsig opgebruik – mense, vriendskap, geld... jy noem dit. Verbruikers het nooit genoeg nie. Hulle is bodemlose putte. Maak nie saak wat jy vir hulle doen nie, dit is altyd te min. Hulle glo die lewe skuld hulle! Jy ook. Nooit is jy uit die skuld by sulke mense nie. Op hulle beurt is beleggers daardie klein groepie mense wat uit oorfloed leef. Hulle het genoeg, al het hulle min op hul naam. Hulle is tevrede, al is almal rondom hulle ongelukkig. Hulle bou op terwyl die res alles afbreek. Hoe verander jy vanaf 'n verbruiker na 'n belegger? Wel, belê jou lewe voluit by God! Sy hemelse skatkamers loop altyd oor van genade, vrede, vryheid en liefde. Hy het ons geseën met alle geestelike seënige in die hemel in Christus Jesus. Let wel, Hy het dit klaar gedoen. Dit is nie iets wat nog op ons wag nie. So skryf Paulus in Efesiërs 1. Word asseblief 'n deelgenoot van sy hemelse oorfloed. Dan het jy meer as genoeg. Dan loop jou beker oor! Dan het jy altyd iets om te deel vanuit die Here se hand. Altyd.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

kuβergroete tot volgende keer

[2019-06-09]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com